DIE KURATORIUM VAN DIE NG KERK VAN TRANSVAAL BY DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

VERSLAG[1] AAN DIE NOORDELIKE SINODES

1 AGTERGROND

1.1 Noordelike Sinodes[2] en Teologiese Opleiding

Hoewel Fakulteit in 2017 100 jaar van teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria gevier het, het die NG Kerk van Transvaal eers in 1938 begin om studente by UP voor te berei vir Evangeliebediening. Die Fakulteit wat spesifiek op die studente uit die NG Kerk gefokus het, het bekend gestaan as Fakulteit Teologie Afdeling B. Na 1994 het die Universiteit die Fakulteit mettertyd verander en die twee afdelings het in 2000 een veel-kerklike fakulteit gevorm.

1.2 Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal

Die NG Kerk van Transvaal het van vroeg af 'n kuratorium saamgestel om toesig te hou oor die teologiese opleiding en die studente gereed te maak vir die bediening. Toe die NG Kerk van Transvaal mettertyd in vier sinodes verdeel het, het die Sinodes voortgegaan om betrokke te bly by die werksaamhede van die Kuratorium. Die vier sinodes is:

- die Noordelike Sinode (vroeër die NG Kerk Noord Transvaal),
- die Oostelike Sinode (vroeër die NG Kerk Oos-Transvaal),
- Sinode Hoëveld (vroeër die NG Kerk Suid Transvaal) en
- Sinode Goudland (vroeër die NG Kerk Wes-Transvaal).

Ander Sinodes van die NG Kerk wat tans ook betrokke is by die Kuratorium, is:

- Sinode Suid en Weskaap
- Sinode Noordkaap
- Sinode Vrystaat
- Sinode KwaZulu Natal.

Elk van die vier Noordelike Sinodes wys vier lede aan op die Kuratorium terwyl die ander sinodes elk een verteenwoordiger op eie koste aanwys. Die voorsitter van Dosenteraad is ook 'n lid van die Kuratorium en die Hoof Kerkeie Opleiding en die Hoof Excelsus (Voortgesette Bedieningsontwikkeling) dien daarop in adviserende hoedanigheid.

Die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal vervul die funksies soos in Reglement 11 (Kerkorde 2019), *Reglement vir die opleiding en legitimasie van predikante*, en in sy eie reglement omskryf word. Dit sluit benewens die ondersteuning van Teologiese Opleiding aan die Universiteit van Pretoria en die toesig en begeleiding van studente ook toesig oor die program vir Kerkeie Teologiese Opleiding en die aanbied van die programme vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling in.

---

[1] Die laaste verslag wat deur die Kuratorium aan die Noordelike Sinodes gelewer is, in 2016 opgestel is. In 2018 het 'n verslag van die Kuratorium ook by Sinode Hoëveld gedien. Hierdie verslag sluit aan by die verslag van 2016.

[2] Met die staatkundige bedeling na 1994 het Transvaal as provinsie ophou bestaan. Hoewel die NG Kerk van Transvaal as 'n regspersoon voortbestaan, het al die Sinodes wat deel vorm van die NG Kerk van Transvaal die naam Transvaal uit hul name verwyder. Die naam Noordelike Sinodes word as 'n versamelnaam gebruik vir die vier sinodes.

1.3 Die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria

Die Noordelike Sinodes het sedert 8 Julie 2009 'n ooreenkoms met die Universiteit. Hoewel die ooreenkoms bepaal dat die vier sinodes die NG Kerk 30% van tien dosente se salarisse bydra, dra die Kuratorium tans net by tot agt dosente se salarisse.

Die Fakulteit van Teologie se naam het op 1 Januarie 2018 verander na die Fakulteit van Teologie en Religie. Dit is 'n veel-kerklike Fakulteit en die kerklike vennote is tans die NG Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die VGKSA en die Uniting Presbyterian Church of Southern Africa (UPCSA).

2 VERANDERINGS BY DIE FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE EN UNIVERSITEIT

Hoewel hierbo reeds na die naamsverandering verwys is, het ander veranderings ook die afgelope paar jaar plaasgevind.

Die Sentra vir Kontekstuele Bediening, Publieke Teologie en Volhoubare gemeenskappe is gekombineer in die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap met prof Stefan de Beer as direkteur.

2.1 Vyf departemente

Struktuur- en naamsveranderings het ook op 1 Januarie 2019 in werking getree ten opsigte van die verskillende departemente toe die ses departemente tot vyf verminder is:

- Departement Sistematiese en Historiese Teologie is gevorm uit die Departement Dogmatiek en die Departement Kerkreg en Kerkgeskiedenis (Departementshoof – Prof. D Veldsman);
- Departement Religie is die nuwe naam van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap (Departementshoof – Prof. J Beyers)
- Departement Ou Testamentiese en Hebreeuse Literatuur (Departementshoof – Prof. D Human)
- Departement Nuwe Testament en verwante literatuur (Departementshoof – Prof. E van Eck)
- Departement Praktiese Teologie en Missiologie is gevorm uit die Departemente Praktiese Teologie en Sendingwetenskap (Departementshoof – Prof. CJS Lombard).

2.2 Personeel van die Fakulteit

Prof. Jerry Pillay dien as Dekaan van die Fakulteit Teologie en Religie sedert 1 April 2018 en Prof. Ernest van Eck is Adjunkdekaan (vanaf 2018). In Junie 2022 is aangekondig dat prof Pillay aangestel is as die Hoofsekretaris van die Wêreldraad van Kerke. Prof van Eck het 'n aanstelling in Kanada aanvaar. Die Universiteit sal in die nuwe jaar sowel 'n dekaan as 'n adjunkdekaan moet aanstel.

Daar was 'n wisseling van NG Kerk dosente. Sommige het die diens van die Universiteit verlaat:

- Prof J (Kobus) Kok (2015) – Nuwe Testament;
- Prof GJ (Gert) Steyn (2017) - Nuwe Testament (emeritaat);
- Prof W (Willem) Fourie (2018) – Dogmatiek en Christelike etiek
- Prof CJ (Nelus) Niemandt (2019) – Missiologie (emeritaat)
- Prof CJ (Cas) Wepener (2019) – Praktiese Teologie
- Prof JA (Johann) Meylahn (2021) – Praktiese Teologie en Missiologie

Nuwe aanstellings:

- Dr. H (Han) Janse van Rensburg (2017) – Nuwe Testament
- Prof. JJ (Hannes) Knoetze (2020) – Praktiese Teologie en Missiologie
- Prof. CJS (Christo) Lombard (2021) – Praktiese Teologie en Missiologie
- Dr. D (Dieter) de Bruin (2022) – Praktiese Teologie en Missiologie

Benewens die vier bogenoemde dosente is die ander kerklike[3] dosente:

- Prof. DJ (Dirk) Human – Ou Testament en Hebreeuse geskrifte
- Prof. EE (Sias) Meyer – Ou Testament en Hebreeuse geskrifte
- Prof. JM (Johan) van der Merwe – Sistematiese en Historiese Teologie
- Prof. DP (Danie) Veldsman – Sistematiese en Historiese Teologie.

Prof. Danie Veldsman is die voorsitter van die Dosenteraad van die NG Kerk. Die Dosenteraad is 'n komitee van die Kuratorium en word saamgestel uit bogenoemde dosente, ander dosente verbonde aan die Fakulteit wat ook lidmate van die NG Kerk is, dr. Kobus Myburgh, Hoof van Kerkeie Teologiese Opleiding en dr. André Bartlett, die Hoof van Excelsus. 'n Verteenwoordiger van die Dagbestuur van die Kuratorium woon ook die vergaderings van die Dosenteraad by.

Die Kuratorium het vroeër vanjaar (6 April 2022) 'n gesprek gevoer met die Dosente waar 8 dosente teenwoordig was. Die fokus van die gesprek was die leerplanne wat deur die dosente uiteengesit is en daar was ruim tyd vir vrae en toeligting. Die Kuratorium kon hulself goed vergewis dat die dosente steeds verbind is aan die Gereformeerde karakter van die opleiding.

2.3 Internasionale en plaaslike skakeling

Die Fakulteit Teologie en Religie geniet wye internasionale en plaaslike erkenning en het aktiewe ooreenkomste met 31 soortgelyke instellings. Slegs 6 hiervan is met instellings in Afrika.

Benewens die feit dat verskeie dosente internasionale en plaaslike konferensies bywoon en referate lewer, publiseer hulle boeke en artikels oor 'n verskeidenheid onderwerpe in plaaslike en internasionale tydskrifte. Dosente van plaaslike en internasionale universiteite besoek die Universiteit van Pretoria op grond van ooreenkomste tussen die onderskeie universiteite. Die besoeke sluit dikwels in dat die besoekende dosente openbare lesings aanbied wat deur studente aan die Universiteit bygewoon kan word.

Tydens die Covid-19 pandemie was kontak op internasionale en plaaslike vlak beperk.

Die navorsing wat deur die personeel van die Fakulteit Teologie en Religie gedoen word, is in 2022 deur die QS World University Rankings as #1 geplaas in die *h-index* en #6 in die getal aanhalings. Dit gee erkenning aan die standaard van navorsing wat aan die Fakulteit gedoen word.

2.4 Taalbeleid

Die gebeure in 2015-2016 #Afrikaansmustfall het daartoe gelei dat die Raad van die Universiteit van Pretoria op 22 Junie 2016 'n nuwe taalbeleid aanvaar het. Daarvolgens is bepaal dat Engels die amptelike taal van die Universiteit is vanaf 2017 en dat die laaste klasse in Afrikaans in 2020 sou uitfaseer.

[3]Kerklike dosente is persone wat aangestel is in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die NG Kerk en die Universiteit van Pretoria. Daar is ook ander gelegitimeerdes van die NG Kerk wat akademiese personeel van die Fakulteit Teologie en Religie is.

Tans word die klasse op eerstejaarsvlak volledig net in Engels aangebied. In ander jaargroepe word kursusse in sowel Afrikaans as Engels aangebied.

In die Universiteit se taalbeleid word die volgende gesê:

"4.1 English is the language of teaching and learning (in lectures, tutorials and assessments) except in cases where the object of study is a language other than English, and in programmes with profession-specific language outcomes, subject to approval by Senate;

Uit die Jaarboek van die Fakulteit is dit egter duidelik dat verskeie kursusse nog in Afrikaans aangebied word. Sedert 2018 word slegs die eerstejaarskursus in Engels in aangebied.

2.5 Graadstruktuur

Studente van die NG Kerk skryf by die Universiteit van Pretoria in volgens die graadstruktuur wat die Algemene Sinode in 2015 goedgekeur het en wat in 2017 in werking getree het:

- 'n 4 jaar B.Div. met Grieks 2 en Hebreeus 2,
- 'n 1 jaar M.Div. en
- 'n 1 jaar Nagraadse diploma (Gemeentejaar).

Studente doen dus sowel voorgraadse as nagraadse studie aan die Universiteit van Pretoria

Die Fakulteit Teologie en Religie bied vier verskillende voorgraadse kwalifikasies en twee diplomas in Teologie aan.

Studente uit meer as 32 verskillende kerke studeer aan die Fakulteit Teologie en Religie. In 2018 het die Fakulteit vir al die voorgraadse kursusse 225 ingeskrewe studente gehad, in 2019 308 en in 2020 407. Hiervan het die Fakulteit in totaal 53 ingeskrewe studente vir B.Div. gehad in 2018, 80 in 2019 en 102 in 2020. Die NG Kerk studente ingeskryf vir B.Div. was 36 in 2018, 40 in 2019 en 41 in 2020 (vgl. 3.1 hieronder).

3 KERKEIE OPLEIDING

3.1 Studentegetalle

In die tabel hieronder word die studentegetalle aangedui van ingeskrewe studente wat voorberei vir bediening in die NG Kerk:

Jaar	2018	2019	2020	2021	2022
1 – B.Div.	9	17	14	4	3
2 – B.Div	10	8	14	14	5
3 – B.Div	6	8	7	12	10
4 – B.Div	11	7	6	6	12
5 – M.Div	8	16	5	8	6
6 – Na gr. Dipl.	12	9	11	4	7

3.2 Voorbereiding vir bediening as predikante

Die Kuratorium is verantwoordelik vir kerkeie teologiese opleiding van die studente van die NG Kerk. 'n Raamwerk vir die opleiding word onder andere in Reglement 11 gegee. Die graadstruktuur soos die Algemene Sinode dit in 2015 goedgekeur het, het nie net groter klem op kerkeie teologiese opleiding geplaas nie, maar noodsaak ook 'n goeie oorgang van kerkeie teologiese opleiding na voortgesette bedieningsontwikkeling. Studente moet na die 6 jaar opleiding nog drie jaar voortgesette bedieningsontwikkeling doen.

Kerkeie teologiese opleiding poog om 'n brug te slaan tussen die akademiese opleiding en die praktyk in die NG Kerk. Die leerplan van kerkeie teologiese opleiding word deurlopend

geëvalueer en aangepas. Studente woon kerkeie teologiese opleiding by vanaf hulle eerste studiejaar (B.Div.) tot in die sesde jaar met die Nagraadse Diploma in Teologie. Die Nagraadse Diploma in Teologie wat onder die toesig van die Hoof: Kerkeie Teologiese Opleiding staan en in samewerking met die Hervormde Kerk aangebied word, 'n meer gestruktureerde program.

Dr. JA (Kobus) Myburgh is vanaf 1 Junie 2016 aangestel as die Hoof: Kerkeie Teologiese Opleiding. Hy is verantwoordelik vir die organisering en uitvoer van die program van kerkeie teologiese opleiding en is persoonlik betrokke by die studente. Hy gee gereeld verslag aan die Kuratorium van die werk wat verrig word.

Dr. Myburgh word in Kerkeie Teologiese Opleiding bygestaan deur verskeie kundige predikante wat as dosente en mentors optree.

Covid-19 het uitdagings gestel aan Kerkeie Opleiding omdat kontaksessies met studente minimaal was en aanlyn aangebied is.

Die Proponentskommissie beoordeel aan die einde van studente se studietyd elke student en lê dan die name van die persone vir legitimasie aan die Kuratorium voor. In die afgelope paar jaar is die getalle studente wat gelegitimeer is, is soos volg:

- 2019 – 9
- 2020 – 9
- 2021 – 5

3.3 Die opleiding van diensleraars

Na die besluite van die Algemene Sinode in 2019 om diensleraars op te lei en beskikbaar te stel, het die Kuratorium besluit dat dié opleiding ook deel sou vorm van kerkeie teologiese opleiding.

Die Kuratorium het op die volgende werkswyse besluit: die Proponentskommissie sal verseker dat kandidate wat aanmeld vir opleiding as diensleraars voldoen aan die vereistes vir opleiding as diensleraars; die program wat in die opleiding van diensleraars gevolg is, is opgestel aan die hand van die drie kategorieë van die missionale bedieningskapasiteite: etos, patos en logos.

Hoewel daar voorsien is dat die program deur middel van kontakweke sou plaasvind, het die wisselende getal studente genoodsaak dat ander werkswyses gebruik moet word: mentors en persoonlike begeleiding.

In 2020 is 8 kandidate gelegitimeer met die oog op bediening as diensleraars en in 2021 3 kandidate. Daar is tans 2 kandidate besig met die kursus met die oog op legitimasie.

4 VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING – EXCELSUS

Excelsus organiseer en bied programme aan as deel van voortgesette bedieningsontwikkeling vir predikante van die NG Kerk. 'n Verskeidenheid van programme word aangebied en sluit onder ander die bekende Lentekonferensie in wat jaarliks in die September gehou word. 'n Sertifikaat in Bedieningsontwikkeling wat uit verskeie modules bestaan word oor 'n tydperk van drie jaar aangebied vir predikante wat nuut in die bediening gekom het. Excelsus bied vir predikante wat reeds langer in die bediening is, 'n Sertifikaat in Bedieningsvernuwing aan wat ook uit verskeie modules bestaan.

Dr. AL (André) Bartlett, die Hoof Excelsus sedert 2012, bestuur in samewerking met 'n Bestuursraad die program vir voortgesette bedieningsontwikkeling.

Die koms van Covid-19 het ’n nuwe fase in Voortgesette Bedieningsontwikkeling noodsaaklik gemaak.

5 FINANSIES

Die vier Noordelike Sinode befonds ongeveer 50% van die werk van die Kuratorium. Die Gesamentlike Fondsekommissie van die Sinodes bepaal gewoonlik die bydraes van die onderskeie sinodes. Die Kuratorium is baie dankbaar vir die bydraes waarsonder die werk nie kan voortgaan nie.

Ander bronne van inkomste is bydraes uit gemeentes en van donateurs. Hoewel gemeentes versoek is om deurkollektes vir Teologiese Opleiding te maak, het min gemeentes aan die versoek gehoor gegee.

Die grootste uitgawes vir die Kuratorium is die finansiële bydrae wat kontraktueel tot die Universiteit gemaak word en die salarisse van die personeel van die Kuratorium.

6 BEURSLENINGS EN TOPTRUST

Die Kuratorium stel jaarliks R600 000 beskikbaar vir beurslenings aan studente. Die hoë koste van teologiese opleiding veroorsaak dat studente dikwels twee of meer beurse moet kry om te studeer.

Toptrust is ’n trust wat gestig is met goedkeuring van die Kuratorium om ’n befondsing te werf vir beurse vir teologiese studie aan die Universiteit van Pretoria.

7 SCENARIOBEPLANNING VAN DIE ALGEMENE KURATORIUM

Die Algemene Kuratorium het reeds voor die koms van Covid-19 begin met ’n proses van scenariobeplanning in die lig van die veranderinge in die wêreld, o.a. die vierde industriële revolusie. Die Kuratorium neem deel aan die gesprekke en besinning hieroor en oordeel dat dit ’n invloed sal hê op die manier waarop oor teologiese opleiding gedink word.

Die verslag is opgestel deur ds. JH Windell (voorsitter) namens die Kuratorium.